# Hoofstuk van die dag: Romeine 2

> *God is ryk in goedheid, verdraagsaamheid en geduld! Sê dit vir jou niks nie? Besef jy nie dat God jou deur sy goedheid tot bekering wil lei nie? (vers 4)*

Aan die einde van hoofstuk 1 teken Paulus ’n prentjie van die

verdorwe mens wat hom nie steur aan God en sy gebod nie. ’n Mens kan dit maklik lees en dink, só is ek darem nie! Nou kom Paulus en wys sy vinger reguit na jou. Daardie prent pas op jou lewe ook, sê hy (vers 1).

Gaan kyk gerus na Rom 1:29-32; jy sal jouself daar herken as jy eerlik is. Ek noem net ’n paar dinge: hebsug, gemeenheid, jaloesie, twis, bedrog, kwaadwilligheid, skinder, kwaad praat, hooghartig, onverstandig, liefdeloos …

Dis hoekom Paulus as ’t ware sy hande in die lug gooi en vra: “Sê dit vir jou niks nie?” Hoeveel keer het God al met jou gepraat, en tog is dieselfde sondes nog in jou lewe.

Soos die Jode van destyds troos ons ons daaraan dat ons die Bybel het en dit ken (vers 17). Maar, waarsku Paulus, dit help nie jy het die Bybel nie. Die Bybel kan jou nie red nie. Eers as jy lewe volgens die Bybel, sal jy vrygespreek word (vers 13).

---

# Hoofstuk van die dag: Romeine 1

> *Van Paulus, 'n dienaar van Christus Jesus, geroep om apostel te wees, afgesonder vir die evangelie van God. (vers 1)*

Die eerste ding wat Paulus oor homself sê, is dat hy 'n dienaar van Christus Jesus is; 'n slaaf wat aan Jesus behoort. Sy hele gerigtheid is op Christus. In Fil 3:8 stel hy dit só: "… om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde."

Om 'n dienaar te wees, beteken natuurlik dat jy nie kan rondsit en niks doen nie. Om Christen te wees is nie net 'n mooi titel nie; dis werk. Soos Paulus, is ons ook dienaars, geroep en afgesonder vir Christus. Presies wat jou taak as dienaar van Christus behels, is iets wat elke gelowige biddend (en jou lewe lank) voor God moet bepaal.

Paulus skryf ook dat hy genade ontvang het vir sy taak (vers 5). Dis 'n voorreg dat ons in God se diens mag wees. Daarvoor het ons genade nodig, anders sal ons nie kan volhou nie. Augustinus het in dié verband gebid: "Here, gee wat U vra, en vra dan wat U wil." God verwag nie van ons om iets vir Hom te doen sonder dat Hy ons eers toerus nie.

# Hoofstuk van die dag: Inleiding tot Romeine 1-4

Hierdie kort video gee jou ’n goeie oorsig oor die eerste vier hoofstukke van die brief:

## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026